DEEL 116 | WEEK 18 | 3 MEI 2024 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RU...




*Foto erkenning: Danelle Oosthuizen*

# Strooptyd Bring Uitdagings vir Graanboere

Die strooptyd vir graanboere is in volle swang, maar dit bring 'n reeks uitdagings daarmee saam. Boere het die seisoen vroeër begin stroop weens die swak reënval, wat 'n direkte impak op die opbrengs gehad het. Volgens Pieter Buitendag, bestuurder van Senwes Silo's op Heilbron, is die jaar se opbrengs heelwat swakker as verlede jaar se opbrengs. Sommige sojaboon produsente stroop so min as 200 kg per hektaar.

Boere het reeds twee weke gelede begin stroop, maar Senwes Silo's is nog nie eens halfpad vol nie. Die grootste uitdaging is die swak reënval wat sojabone vroeg laat uitdroog het, asook die vroeë winterreën. Hierdie situasie het tot 'n laer graad van graan gelei, met klein pitte en swak kwaliteit graan. Sommige graan voldoen nie eens aan die standaard kwaliteit nie, wat 'n direkte gevolg is van die droë toestande vroeër in die jaar. Produsente sukkel tans met groen peule as gevolg van die reën wat laat in die seisoen geval het. Senwes Heilbron het reeds 7 000 ton mielies ontvang met 'n YM 2 en YM 3 graad. In die Frankfort distrik is die situasie soortgelyk. Daar is selfs gerugte dat boere hulle mielies moes sny vir kuilvoer weens die erge droë toestande.

'n Boer in die Frankfort-Tweeling distrik het getuig dat die opbrengs van hierdie jaar bitter swak was. Sy gemiddelde opbrengs per hektaar het skerp gedaal in vergelyking met verlede jaar. Sy sojabone se gemiddeld tans is 800 kg teenoor laasjaar se 2 ton per hektaar. Sy mielies het ook 'n afname in opbrengste met 'n 3.3 ton per hektaar teenoor verlede jaar se 6,7 ton op 'n hektaar. Die droogte het 'n groot impak gehad op die oesskatting, met die jaar se skatting vir sojabone 1,8 miljoen ton, wat die helfte minder is as verlede jaar se skatting van 2,8 miljoen ton.

Die onlangse plantvorderingsverslag van die VSA wys dat 27% van hulle mielie-oeste reeds geplant is. Dis 'n verbetering vanaf verlede jaar se 23% op dieselfde tyd. Suid-Afrikaanse boere is egter nie alleen in hulle uitdagings nie. Internasionaal is daar ook 'n daling in opbrengs verwagtings. Die Suid-Amerikaanse gewaskonsultant, dr. Michael Kondoniar, het sy skatting vir Argentinië se mielie-oes met 'n miljoen ton verminder weens verwagte opbrengsverliese as gevolg van siektes.

Boere hoop egter dat die volgende seisoen beter sal wees en dat hulle beter kan herstel van die uitdagings van die huidige strooptyd. Weerkundiges voorspel wel 'n beter seisoen vir 2025.









# UIT DIE PEN:



## Week 18

Ek was vars in die onderwys toe ek vir die eerste keer uitvind dat my gryse ou pa nie van kaartspeletjies hou nie. My ouers, rooikopsussie, haar man, haar skoonouers en ek het een Sondagaand in die skoonouers se huis in Grootfontein gekuier toe die pak speelkaarte nadergetrek is. Ek het op daardie stadium nog net van Rummy geweet.

Ons het my pa gevra om saam te speel waarop hy geantwoord het: Assebloublêrrieblief nie. Die volgende oggend het hy dwarsdeur 'n dak geval en twee weke daarna breinchirurgie ontvang. Maar laasgenoemde is glad nie deel van my storie nie.

Ons Grootfonteinkaartspeeldae was sommige aande 'n raaisel: net wanneer ek dink ek wen, verloor ek liederlik. Totdat ek agtergekom het dat my swaer se ma kaarte wegsteek todat sy dit nodig het. Ek was lekker gatvol toe ek dit agterkom.

Sien: ek is redelik kompeterend, ek hou van wen, ver wen. Wanneer my broerskinders my 'n nuwe speletjie leer, gryp ek die oomblik met albei hande om hulle te wen. Hulle hou my gereeld vir die gek omdat ek heeltemal te ernstig daaroor raak.

Met Kersfees of iemand se verjaarsdag wanneer ons saam kuier, het hulle altyd een of ander speletjie wat ons moet speel. Hulle eie weergawes. Ek is heimlik oortuig dat hulle die reëls verander soos wat ons aangaan.

Tydens die mees onlangse familiekuier moes ons onsself in twee spanne verdeel en elke span moes 'n naam kry. Die ander span was "Swaeltjies". Ons span se naam was "Ons." Wie gee in iedergeval sy span se naam "Swaeltjies", het ons hulle gekoggel. "Ons" het die aand gewen. Met geen prys om te wys nie.

Ek het al my musiekkennis op Noot vir Noot getoets (dit was lank gelede) en het in beide reekse van Wie Word 'n Miljoenêr gesig gewys. Ek is mal oor wat ek noem: useless info. Ek lees alles waarop ek my hande kan kry, mits dit interessant is.

Luister maar fyn na wat ander mense jou vertel. Ek glo nie alles wat my vertel word nie, en dit is dan wanneer ek dit gaan oplees.

Terug by my gryse ou pa: Hy het ook nie blokkiesraaisels ingevul nie, maar hy kon baie leidrade se antwoorde gee. Ek dink dis omdat my ma altyd die blokkieraaisels hardop gedoen het. Jy kon hom vrae vra soos: gee 'n sinoniem vir eggenote, sewe letters. Gemalin, sou hy dadelik sê. Ek kon baie diesulke woorde by hom leer. Behalwe dit, kon hy soos 'n sakrekenaar optel en lees soos 'n kampioen.

My ma was die ene wat my van blokkiesraaisels geleer het. Wanneer ek die Rooi Rose destyds gekoop het, was die blokkiesraaisel ingevul voordat ek die hoofartikel gelees het. Deesdae koop ek nie meer tydskrifte met blokkiesraaisels in nie, alles is nou digitaal.

My skoonma doen amper iets soos Sudoku, net duisend keer moeiliker, dink ek. Nie die ene waar jy bloot die nege getalle in 'n ry, kolom of vierkant moet invul nie. Sy het my al verduidelik hoe haar speletjie werk, maar dit bly net eenvoudig te moeilik vir my. Want dis somme. Moeilike somme.

Ek waag soms my hand aan die gewone Sudoku. Die ene vir die gewone mens. Wanneer ek sien dat die Sudoku gemerk is as "baie maklik", raak ek kinderlik opgewonde. Totdat ek agterkom dat ek steeds moet dink. Somme is deesdae ook my swak punt.

Ons bedryfshoof maak soms in die middel van 'n vergadering wiskundige bewerkings wat ek laas op skool gedoen het. Hy maal en deel en voeg persentasies by terwyl ek uitwerk wat 372 minus 115 is. Ek raak rooi en verboureerd. Amper soos wanneer ek 'n speletjie verloor. Dalk omdat ek vir die afgelope vyf of meer jaar nie nodig gehad het om erge hoofrekene te doen nie.

My gryse pa het dalk nie sy brein skerp gehou deur blokkiesraaisels in te vul nie, maar hy kon twee afsonderlike kolomme op een slag bymekaar tel sodat daar twee antwoorde was: een vir elke kolom. Blykbaar moes die leerders dit gedoen het toe die volk nog in ponde, sjielings en pennies gehandel het. Hy kon ook nooit Sudoku doen nie.

Wat my vandag laat wonder oor wat ons doen om ons breine skerp te hou? Toegegee, sommige breine kan nie skerpgemaak word nie, al probeer jy ook hòè.

Soms pak ek 'n nuwe stuk bladmusiek aan: ek lees die eerste vier mate perfek, tel elke noot soos my musiekjuffrou my geleer het. By maat vyf begin ek sukkel. Maat sewe laat my tou opgooi en vanaf maat agt speel ek sommer soos ek dink dit moet.

Ek lees graag 'n nuwe ding se handleiding. Maar as dit meer as vier bladsye lank is, kry ek my assistent dat hy dit lees en my kom vertel. Ja, ek haat dit om dit te erken: ek raak lui.

Lui vir lees-met-aandag (reading is achieving). Ek kom soms agter dat ek die eerste reël en die laaste reël van 'n e-pos lees en myself verbeel dat ek die konteks en inhoud verstaan. O, nee. Verkeerd.

Ek raak lui vir somme maak. Lui om dieselfde ding oor en oor te verduidelik. Ek raak lui om te praat. En beste van alles, raak ek lui om flieks te volg. Ek kyk die fliek met Wikipedia se inligting oor die fliek langs my. Want ek is gedurig besig met iets anders terwyl ek eintlik die fliek moet volg. Amper soos 'n tiener.

Ek dink ons moet onsself konstant daarvan bewus maak dat ons moet oefen en konsentreer. Dalk nie noodwendig die lyf oefen nie, maar meer op breinoefeninge konsentreer. Solank ek net nie die moeilike Sudoku se somme hoef te doen nie.

# How alcohol affects the body

*• Heilbron Clinic*

**Stomach:** Alcohol goes straight to the stomach. From the stomach, it gets absorbed into the bloodstream. Having food in the stomach will slow down this process.

**Bloodstream:** Alcohol in the bloodstream flows throughout the body and to the brain.

**Brain:** Alcohol is a depressant, which means it slows down communication in the brain and between the brain and body. Reflexes become slower. Rules seem looser, a person may become clumsy or even pass out.

**Liver:** The liver filters alcohol out of the bloodstream and breaks it down. Over time, alcohol can damage the liver.

**Bladder:** After the body processes the alcohol, it's passed as urine. Alcohol causes people to urinate more, which can lead to too much water loss. Losing too much water makes people sick and contributes to hang-overs.

**ARE YOU AN ALCOHOLIC?**

A simple 12-Question quiz to help you decide.

1. Do you drink because you have problems or to deal with stressful situations?
2. Do you drink when you get mad at other people?
3. Do you think it's cool to be able to hold your liquor?
4. Do you prefer to drink alone, rather than with others?
5. Are you starting to get low grades? Are you goofing off at school or work?
6. Do you ever try to stop drinking or to drink less - and fail?
7. Do you drink in the morning, before school or work?
8. Do you gulp your drinks as if to satisfy a great thirst?
9. Do you ever have a loss of memory due to your drinking?
10. Do you lie about your drinking?
11. Do you ever get into trouble when you are drinking?
12. Do you often get drunk when you drink, even when you don't mean to?

If you can answer "yes" to any of these questions, it's time you took a serious look at what your drinking might be doing to you.

*Drug facts Alcohol:*
*Ted Gottfried with Katherine Follett*


# Huppel Trippel speel bal...



Eers is die breine lekker "losgemaak" met 'n klompie "common sense"-raaisels. Iets soos: "Sit my regop, en ek is alles. Sny my in die helfte en ek is niks. Wat is ek?" Of "Wat maak twee mense vas; maar raak net aan een van hulle?" Daar was nog 'n hele paar sulke logika-raaisels. Die speletjies met balle het vir heelwat opwinding en koes en rek en strek gesorg. Alles in 'n ontspanne gees met lekker lag en goedige gespot. Nog 'n genoeglike saamkuier-oggend is, soos gewoonlik, afgesluit met koekies en tee. Op 14 Mei word Huppel Trippel se kuier gekombineer met die Pinksterdiens wat deur ds Braam van Zyl gelei sal word. Kom wees gerus deel daarvan.





# Toergroep besoek historiese plekke

Maandag 22 April het 'n toergroep wat reg oor die land geskiedkundige plekke besoek, 'n besoek aan die Vegkopterrein gaan aflê. Die toergroep is al die pad van Potgietersrus, gelei deur twee oud skoolhoofde en geskiedenisonnies, Mauritz en Jas Hansen. 'n Totaal van 48 mense was deel van die groep, wat 'n onvergeetlike reis deur die land se ryk erfenis van geskiedkundighede aanskou het. Jasper van der Bijl, 'n lid van die Vegkop-direksie, het die besoek beskryf as 'n uitsonderlike ervaring en 'n stukkie puik aanbieding vir almal wat deel was van hierdie reis. Mauritz Hansen het die toergroep op 'n reis deur die verlede geneem, waar hy die skakerings van Vegkop se geskiedenis en die verhaal van die Voortrekkers wat van die Kaap na die binneland getrek het, tot lewe gebring het.

Terwyl Vegkop een van die hoogtepunte van hierdie toer was, staan daar nog nege ander plekke op die lys vir besoek, insluitend die Slag van Modderrivier, die Sarel Cilliers-monument in Kroonstad, en die Slag van Sannaspos, om net 'n paar te noem. Hierdie toergroep is op 'n missie om wys te raak oor die verlede en om die skatte van Suid-Afrika se ryk geskiedenis te ontdek en te deel.

Die Vegkop-direksie het hard gewerk om hierdie historiese terrein 'n nuwe asem te gee. Met verskeie aksies in drie fases, waarvan die eerste fase reeds voltooi is met opknapwerk en verbeterings aan die terrein, is die volgende fases gerig op die blootstelling van die gemeenskap aan Vegkop se geskiedenis en nalatenskap.

Die direksie nooi almal uit om 'n draai te kom maak by Vegkop en deel te wees van hierdie unieke reis deur die verlede van Suid-Afrika. Dit is 'n geleentheid om die erfenis van ons voorvaders te vier en 'n blik te werp op die gebeure wat ons land gevorm het tot wat dit vandag is. Vegkop wag om ontdek en herontdek te word deur elke besoeker wat hierdie magiese plek betree. Kom maak 'n draai en laat die geskiedenis tot lewe kom voor jou oë.







# Tuinbouklub se slaaie-oggend

## *'n Feestelike aangeleentheid*

Die Tuinbouklub het op Woensdag 24 Mei 'n onvergeetlike oggend geniet met 'n tema wat almal se mond laat water het: slaaie! Die klub het die geleentheid aangegryp om hul tafels pragtig te dek, met 'n teetafel, 'n speeltafel en selfs 'n seekos-vis-tafel. Die kreatiewe span het die geleentheid benut om appel-slaai op drie verskillende maniere voor te berei, en die resultaat was iets besonders.

Een van die hoogtepunte van die geleentheid was die leersame inligting oor die wonders van postelein en winterpostelein. Postelein, ook bekend as Portulaca oleracea, is 'n plant wat al vir duisende jare verbou word. Dit is 'n taamlike taai, eenjarige plant wat maklik saad versprei, veral op ligte grond met goeie dreinering. Die plante het kruipende stingels met dik, vlesige blare wat kenmerkend is.

In die Franse kookkuns is postelein 'n gewilde bestanddeel vir sop, 'n gebruik wat van die Romeine oorgeneem is. Dit het ook medisinale waarde as 'n uriendrywer, purgeermiddel, en 'n bron van vitamien C, yster, kalsium en ander belangrike voedingstowwe. Onlangse navorsing dui selfs daarop dat postelein vetsure bevat wat kan help om hartsiektes te voorkom.

Winterpostelein, wat in sommige kringe bekend staan as Claytonia perfoliata of Montia perfoliata, is 'n pragtige krui wat vanself in baie tuine verskyn. Die blomtrossies wat bo-op die plante pronk, voeg 'n besondere skoonheid by en maak dit 'n gunsteling onder tuiniers.



Tydens hierdie geleentheid het dames hul kennis en passie vir slaai gedeel, wat nie net lekker was om te proe nie, maar ook 'n aangename en opvoedende ervaring gebied het vir almal wat teenwoordig was. Die Tuinbouklub se slaaie-oggend was beslis 'n suksesvolle en heuglike geleentheid wat 'n lofbetuiging was aan die smaakvolle en gesonde wêreld van tuinbou en kookkuns.

# INSPIRASIE RESEPTE

- Pasch du Plooy



Canapes

This is a great dish to prepare for a larger group of friends to serve as a snack before the meal or a canape. It cooks quickly on the grill, but can also be grilled beforehand and served cold. Make it in advance and keep it in the freezer. It's great the air fryer also.

**Flame grilled lamb koftas with yoghurt raita**
Preparation time: 30 minutes
Cooking time: 20 minutes
Serving: 10 -12 people

**Ingredients for the koftas**
400g lean lamb mince, 400g beef mince, 100g feta crumbed
30g fresh parsley, chopped, 30g fresh coriander, chopped
2 garlic clove, crushed
2 red onions grated, and the juice pressed out
½ tsp dried oregano, 1 tsp ground cumin,
1½ tsp ground coriander, 1 1/2 cup breadcrumbs
Zest of ½ lemon, Salt and Pepper to taste,
30 x 15cm kebab sticks

**Ingredients for the yoghurt raita**
2 cups plain yoghurt, 1 clove garlic, finely chopped
1 x 2 cm piece ginger grated,
¼ cup fresh mint leaves, chopped
¼ cup fresh coriander leaves, chopped
Juice of ½ a lemon, ½ tsp fine cumin, ½ tsp fine coriander
½ tsp curry powder, 1 tsp sugar
¼ cucumber, grated and juice squeezed out

**Method for the koftas**

In a large mixing bowl, add all the ingredients. Make sure all the herbs are finely chopped, and all the juice is pressed from the grated onions. Once all the ingredients are combined, use your hands and mix well, until it forms balls when pressed. Add a small piece of the mixture to a hot pan and cook. Taste and adjust the salt and pepper of your mix. Once the mix is mixed well, shape the mixture into 30g balls and place the balls in the fridge for 30 minutes. After 30 minutes, remove the balls from the fridge. Oil your hands with olive oil and shape the balls into cylinders, flattening them slightly once done. Repeat for all the balls. Place the koftas back in the fridge until cooking.

Cook your koftas over high heat on the grill 1 minute on a side. Once cooked, remove from the grill and skewer lengthwise with your kebab sticks.

**Method for the raita**

In a mixing bowl, mix all the ingredients and season with salt. Place the raita in the fridge until needed.

**How to serve**

Serve on a platter with a bowl of the yoghurt raita and fresh lemon.



# Die hede asook ons toekoms

Die Riemland Museum gedenktuin, genaamd "Riemland Herinneringe," het onlangs 'n wonderlike geleentheid gehad met die toevoeging van Tannie Magdaleen Van Rensburg se Erfenisplaat. Die tuin is geleë rondom die Museum en is vol bome wat voorheen wit naamborde gehad het wat besonderse Heilbron inwoners en donateurs vereer het. Die wit naamborde is onlangs vervang met die nuwe Heilbron Riemland Erfenis Blou plate wat deel vorm van 'n bewusmakingsveldtog vir erfenis in die Riemlandstreek.

Tannie Magdaleen se plaat is deur die Museum-voorsitter Lanzo Soothill oorhandig tydens die Hoërskool Heilbron se graad 7 en graad 8 geskiedenis uitstappie op Vrydag 26 April. Ons het dit goedgedink om die nuutste Erfenisplaat te oorhandig terwyl leerlinge van Heilbron Hoërskool teenwoordig was omdat ons die leerlinge van Heilbron se geskiedenis geleer het hoe om oudhede en erfenis skatte soos ou geboue te bewaar. Tannie Magdaleen het die toekenning ontvang vir haar lang toegewyde diens aan die Riemland Museum asook die besonderse kunsfonds wat sy oor 'n lang tydperk self geskets het. "Ons as Museum-bestuur wou graag haar naam in die tuin verewig omdat sy soveel vir die museum gedoen het."

Baie besoekers het reeds hul waardering uitgespreek vir die rustige en mooi omgewing van die tuin, wat mense, partykeer self hulle eie familie, se deelname en bydrae vereer.

Die Museum beoog later 'n spesiale geleentheid vir nog 'n Riemland Museum held.



Magdaleen van Rensburg en Lanzo Soothill.







# Bronnies ontvang goue sertifikaat



*Vrystaat-bestuurder Johan Visser besoek ledeskole in die Vrystaat. Hoërskool Heilbron ontvang 'n goue sertifikaat vir 'n 100% slaagsyfer in die 2023 matriekeksamen.*

*Op die foto vl: Mnr Johnny van der Merwe (Hoof) en Johan Visser.*




# Eenheid teen waterkrisis

Die inwoners van Heilbron het 'n punt bereik waar hulle nie meer stil kan bly oor die aanhoudende waterkwessie wat die gemeenskap teister nie. Sedert 15 Maart sukkel dele van die dorp sonder die basiese noodsaaklikheid van water. Hierdie frustrasie het 'n inwoner aangevuur om 'n watergravitasieplan te ontwikkel wat hy graag aan die raadslede wil voorlê, met die hoop dat dit sal help om die waterkwessie te verlig. Selfs nadat 'n vergadering wat op 17 April plaasgevind het en die besluit geneem is oor beurtwater implementering, is daar nog steeds ontevredenheid onder die inwoners. Dit kom nadat dele steeds nie 'n druppel water ontvang het tydens die beurtwaterstelsel nie. Hulle is nie net bekommerd oor die gebrek aan water nie, maar ook oor die gerugte dat daar 'n trok soggens water tap en na ander dorpe neem. Daar word beweer dat water vanaf die Unifeesdam na Edenville geneem word, terwyl Heilbron met 'n ernstige waterkrisis worstel. 'n Ontstelde inwoner het gesê, "Ons gee nie om dat ander dorpe water kry nie, maar ons is in 'n waterkrisis. Hoekom kan hulle nie eerder by Kroonstad kry nie?" Hierdie gevoelens van onregverdigheid en frustrasie het gelei tot die beplanning van 'n optog deur Robert Ferendale, 'n lid van die DA, wat 'n memorandum aan die Burgermeester self wil oorhandig. Tammy Breedt, 'n parlementslid van die Vryheidsfront Plus en 'n leier in die Vrystaat en Ngwathe se kiesafdelings, sal ook teenwoordig wees tydens die optog. Hierdie aksie is bedoel om die erns van die situasie te beklemtoon en om die inwoners se stemme direk aan die burgermeester oor te dra. Die optog sal plaasvind op Woensdag 8 Mei om 09:00 by die park naby die Total vulstasie. Almal word genooi om die optog by te woon en 'n einde aan hierdie waterprobleem te probeer maak. Frik Marais sal ook 'n bussie reël vir bejaardes wat nie kan loop of vervoer het om daar te kom nie. Dit is van die uiterste belang dat almal in Heilbron, Sandersville, en Phiritona saamkom en hierdie inisiatief ondersteun. Alleen deur gesamentlike aksie kan die stemme van die inwoners gehoor word en 'n oplossing vir die waterkrisis gevind word.

# Brinelda Depo ontvang hul eerste graan



*Brinelda Depo ontvang hulle heel eerste graan by Cassie Muller en Petri Muller van Bestves Boerdery.*



# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING

In die boedel van wyle **BAREND JOHANNES PRETORIUS, Boedelnommer 003395/2023,** Identiteitsnommer 400818 5062 08 9, wat gewoonlik woonagtig was te Oranjestraat 39, Heilbron en wat te Heilbron op 22 April 2023 gesterf het.
Die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogenoemde boedel sal ter insae lê by die kantoor van die Meester van die Hoë Hof te Bloemfontein en 'n afskrif daarvan by die kantoor van die landdros vir die distrik van Heilbron, waar die oorledene gewoonlik woonagtig was ten tye van sy dood, vir 'n typerk van 21 (EEN-EN-TWINTIG) dae vanaf die datum van publikasie hiervan.
Gedateer te Heilbron op hierdie 22 ste dag van April 2024.
**J H JANSEN**
**JANSEN PROKUREURS**
**PROKUREUR EN EKSEKUTEUR**
**PIERCESTRAAT 58**
**POSBUS 890, HEILBRON, 9650**
**VERW: PRE12/0001/JHJ/cm**

## KENNISGEWING

In die bedoel van wyle **JOHANNES CHRISTIAAN PRETORIUS. Boedelnommer 1680/2021,** Identiteitsnommer 250210 5028 08 1, wat gewoonlik woonagtig was te Huis Bron-van-Heil, Heilbron en wat te Heilbron op 5 Desember 2020 gesterf het.
Die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogenoemde boedel sal ter insae lê by die kantoor van die Meester van die Hoë Hof te Bloemfontein en 'n afskrif daarvan by die kantoor van die landdros vir die distrik van Heilbron, waar die oorledene gewoonlik woonagtig was ten tye van sy dood, vir 'n typerk van 21 (EEN EN TWINTIG) dae vanaf die datum van publikasie hiervan.
Gedateer te Heilbron op hierdie 24ste dag van April 2024.
**J H JANSEN**
**JANSEN PROKUREURS**
**PROKUREUR EN EKSEKUTEUR**
**PIERCESTRAAT 58**
**POSBUS 89, HEILBRON, 9650**
**VERW: PRE6/0010/JHJ/CM**

FORM JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NO. TE 32485/99** passed by **THE HEILBRON / PHIRITONA LOCAL TRANSITIONAL COUNCIL** in favour of **BANDASI METHLEEN MOLEBATSI Identity number: 231212 0237 083** in respect of certain **ERF 29 PHIRITONA, DISTRICT HEIBRON PROVINCE FREE STATE. IN EXTENT: 732 (SEVEN HUNDRED THIRTY TWO) SQUARE METERS.**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron this 17 day of April 2024.
**Applicant**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**Address: 40 CHURCH STREET, HEILBRON 9650**
**Email address: aktesa@corven.co.za**
**Contact number: 058 852 2035**

## KENNISGEWING

In die boedel wyle:
**CHRISTINA CATHARINA VOSLOO**
Gebore: **1947-02-28**
Identiteitsnommer: **470228 0018 083**
Boedelnommer: **000969/2024**
Adres: **CAS MAARTINS STRAAT 20, SONLAND PARK, VEREENIGING, 1929**
Datum van afsterwe: **27 AUGUSTUS 2023**
Meesterskantoor: **BLOEMFONTEIN, VRYSTAAT**
Krediteure in bogenoemde boedel word hiermee versoek om hul vorderinge in te lewer by die ondergetekende binne 'n tydperk van 30 dae vanaf 03/05/2024.
**AGENT:**
**VAN ZYL - FOURIE PROKUREURS**
**REITZSTRAAT 16 / POSBUS 109**
**PETRUS STEYN, 9640**
**TEL: 083 547 9244**

Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za




Form FSLA 2

**NOTICE OF INTENTION TO APPLY APPLICATION IN TERMS OF SECTION 27 READ WITH SECTION 31 FOR REGISTRATION CERTIFICATE**

**FREE STATE GAMBLING, LIQUOR AND TOURISM ACT NO 6 OF 2010 AS AMENDED**

Notice is hereby given that **THABISO NICOLAS MOTLOUNG** Intends to lodge an application on **03 MAY 2024** Particulars of which appear hereunder.

| 1 | 2 | | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| Local Municipality: | Full Names and Surname/ Company Name: **THABISO NICOLAS MOTLOUNG** | Identity Number / Company registration number: **8707035303082** | Type of Registration applied for: **RESTAURANT** | Type of product to be sold/Manufactured: **ALL KINDS OF LIQUOR** |
| NGWATHE | Residential / Postal Address: 1969 New Location, Heilbron, Phiritona 9650 | | | |

| 5 | 6 |
|---|---|
| Name under which the business is to be conducted: **BATLOUNG OUTDOOR LIFESTYLE & RESTUARANT (BOLAR)** | Name of learning Institution and Distance: **NONE** |
| Full Business Address of Premises: **1627 KUOAPE STREET, HEILBRON, 9650** | Name of Place of Worship and Distance: **NONE** |
| **CONTACT NO: 073 447 1314** | Name of Similar Registered Premises: **NONE** |

Any person may, within 21 days from **03 MAY 2024** (date of publication in Provincial Gazette) lodge in terms of section 33 of the Free State Gambling and Liquor Act, 2010 an objection in writing to the Free State Liquor Authority (address set out hereunder). The objection must clearly indicate the full names, identity number, residential address, postal address and telephone number, if any, and where applicable, its registration number and address of its office, of the objector. The objection must also identify the application to which it relates. "The application may be inspected at the offices of the Authority during their office hours. The address of the relevant Office of the Liquor Authority is: 85 Henry Street, Westdene, Bloemfontein, 9301

**Date: 18/04/2024**
**Place: Heilbron**



**Moedersdag**
**Sondag 12 Mei 2024**

# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

**KORT JY 'N WERKER?**



*Johannes en Joseph is dringend op soek na plaaswerk. Hulle beskik oor 'n kode 14 lisensie en 'n PDP. Kontak hulle gerus by 071 9317 015 of 078 047 2669.*

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

# SMALLS

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

# WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**




# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za herald@heilbron.co.za (Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# FLU-VACCINE

***• Heilbron Clinic***

Available at you own clinic for free.








HERALD Sport




# Heilbron Rolbalklub Enkelspel Kampioenskap

## 'n "All family affair"

Die afgelope naweek is kookwater rolbal gespeel met die klub se jaarlikse enkelspel kampioenskap. Dit het Saterdag 27 April afgeskop en Sondag die 28ste ten einde geloop. Jurie Jonker en Edward Muller het in die mans finaal gespeel. Hier het Jurie met die louere weggestap as klubkampioen. Tracy Jacobs is vir die tweede agtereenvolgende jaar as die dames enkelspel kampioen gekroon. Tracy het in 'n naelbytstryd vir Sonja Muller geklop met 21-20. Met 'n telling van 20 elk sal enige sportman/vrou weet dat senuwees van staal nodig was om daardie wenbal te speel. Heilbron Rolbalklub is trots om spelers van formaat te hê en bedank elke lid wat deelgeneem het.

Spelers word herinner aan ons jaarikse interdorp met Petrus Steyn Rolbalklub op 18 Mei 2024. Daar is nog tyd om in te skryf.



*Sonja Muller en Tracy Jacobs.*



*Tracy Jacobs*



*Edward Muller en Jurie Jonker.*



*Jurie Jonker*

# Gholf se komitee vergroot


Lede het Woensdag tydens 'n spesiale ledevergadering besluit om die klub se komitee weer na sy ou status van sewe lede te vergroot. Shaun Hayward, voorsitter van Heilbron Gholfklub, wat die vergadering gelei het, het aan lede verduidelik dat die huidige struktuur van vier bestuurslede te veeleisend is. Daar is vyf nuwe komiteelede tot die bestuur verkies nadat twee lede bedank het. Jackie Leonard vat voor as President en Willem Loots is verkies tot Visepresident. Annemarie Hayward gaan omsien na die finansies. Twee addisionele lede is Ishmael Moeketsi en Eben Stander. Zagaria Moholo is steeds in die pos van Klubkaptein.

Die naweek word daar weer gespeel vir die Mei HBA maandbeker en inskrywings is vanaf 10:30. Bronnies Kleuterland hou op 1 Junie die skool se jaarlikse gholfdag.

Daar gaan 'n potjiekoskompetisie wees vir diegene wat nie gaan gholf speel nie.



*Heilbron Gholfklub se bestuur vl: Shawn en Annemarie Hayward, Jackie Leonard, Ishmael Moeketsi, Eben Stander, Zagaria Moholo en Willem Loots.*




BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG- 6 MEI 2024
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

DINSDAG - 7 MEI 2024
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
ERMELO Speenkalfveiling
Kontak David Harris 082 573 7979
FRANKFORT: TOTALE UITVERKOPING VAN BEESKUDDE
(OOM CHRISTO CILLIERS)
11:00, plaas Wolf, Frankfort
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

WOENSDAG - 8 MEI 2024
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
POTCHEFSTROOM: NIALCOR TRUST
231 Bees Uitverkoping
11:00, plaas Kruitfontein
Kontak Jaco Schoonraad 082 659 0716

VRYDAG - 10 MEI 2024
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

